

Joël

Inleiding

Naam van die boek

Joël

Tyd en plek van ontstaan

Dit is onseker in watter tyd die profeet Joël opgetree het. Die verwysings na die optrede van priesters (1:9,13; 2:17) en die tempel en tempeldiens (1:9,13,14, 16; 2:14,17), dui daarop dat Joël opgetree het gedurende 'n tyd toe die tempel in Jerusalem reeds bestaan het.

Skrywer

Oor die profeet Joël is niks buiten sy naam bekend nie.

Kenmerke

Joël vorm deel van die sogenaamde Klein Profete. Die boek bestaan uit profetespreuke in poëtiese vorm. In die boek word woorde van die profeet en die woorde van die HERE afwisselend gebruik.

Temas en motiewe

'n Sentrale tema in die boek is die dag van die HERE (1:15; 2:1; 3:14). In *Amos* is die dag van die HERE uitsluitlik 'n dag van oordeel (Am 5:18-20). In *Joël* is dit 'n dag waarop die HERE nasies gaan oordeel (3:14), maar Israel gaan red (3:16). Die tempel is reeds herbou, maar

die mense kry swaar. Natuurrampe soos 'n verwoestende sprinkaanplaag (1:4) en droogte (1:20) word gebruik om die verwoestende uitwerking van die naderende dag van die HERE te illustreer. Daar is egter hoop vir dié wat hulle bekeer (2:12-14). Hulle sal weer materiële (2:14,19,21-27) en geestelike (2:28-32) voorspoed in die blywende teenwoordigheid van die HERE (3:17) geniet.

Opbou van die boek

1:1-20 Oproep tot boetedoening

2:1-27 Die dag van die HERE

2:28-32 'n Nuwe begin

3:1-17 Oordeel oor die nasies

3:18-20 Oorvloed en redding in Juda en Sion

1

Oproep tot boetedoening

¹ Dit is die woord van die HERE aan Joël, seun van Petuel.

² Luister hierna, oudstes,
gee aandag, al die inwoners van die land!
Het so iets al in julle leeftyd gebeur,
of in die leeftyd van julle voorouers?

³ Hiervan moet julle vir julle kinders vertel,
en julle kinders vir hulle kinders,
en hulle kinders vir die volgende geslag.

⁴ Wat die ruspes laat oorbly het,
het die treksprinkane opgevreet;

wat die treksprinkane laat oorbly het,
het die voetgangersprinkane opgevreet,
wat die voetgangers laat oorbly het,
het die kaalvretersprinkane opgevreet.

⁵ Word wakker, dronkaards, en huil,
huil verdrietig, alle drinkebroers,
oor die sap van druiwe,
want dit is voor julle monde weggeruk!

⁶ Immers, 'n nasie het opgetrek teen my land,
magtig en ontelbaar.

Hulle tande is die tande van 'n leeu,
hulle het die kake van 'n leeuwyfie.*

⁷ Hulle het verwoesting aangerig in my wingerd,
en van my vyebome stukkies hout gemaak.
Hulle het dit heeltemal kaal gestroop, dit laat val;
die druiweranke staan wit gebleik.

⁸ Huil soos 'n jongmeisie wat rouklere aantrek^a
oor die verloofde van haar jeug.

⁹ Die voorsiening van graan- en drankoffers
aan die tempel van die HERE is afgesny.

Die priesters treur,
hulle wat in diens van die HERE staan.

*1:6 Op 9:8

^a1:8 *wat ... aantrek*: Letterlik "omgord met sak". Dit verwys na 'n grof geweefde kleding wat in antieke Israel as teken van rou om die lyf vasgebind is.

¹⁰ Die landerye is vernietig,
die grond is uitgedor.
Ja, die graan is vernietig,
die druiweoes het verdroog,
die olyfoes^b het weggekwyn.

¹¹ Staan verslae, graanboere;
huil verdrietig, druiweboere,
oor die koring en die gars,
want die oes op die land is verlore.

¹² Die wingerdstok het verdor en die vyeboom het verwelk,
die granaat, selfs die palm en die appelboom.
Al die bome van die veld het verdroog;
ja, die mense se vreugde het ook opgedroog.

¹³ Trek rouklere aan en treur, priesters;
huil, julle wat diens doen by die altaar.
Kom, bring die nag deur in rouklere,
julle wat in diens van my God staan,
want graanoffer en drankoffer
word weerhou van die huis van julle God.

¹⁴ Bepaal 'n heilige vastyd,
roep 'n gewyde byeenkoms uit:
Laat die oudstes en al die inwoners van die land saamkom
in die huis van die HERE julle God,

^b1:10 *druweoes ... olyfoes*: Die bronteks gebruik "jongwyn" en "olyfolie" vir druiweoes en olyfoes.

en roep om hulp tot die HERE!

¹⁵ Helaas, wat 'n dag!

Ja, die dag van die HERE is naby
en dit kom as verwoesting van die Ontzagwekkende af.

¹⁶ Is die kos nie voor ons oë vernietig,
en het die vreugde en blydskap
nie uit die huis van ons God verdwyn nie?

¹⁷ Verskrompel lê die saad onder die kluite,
verlate staan die stoorplekke,
verwoes die graanskure;
want die graanoes het misluk.

¹⁸ Hoor hoe kla die diere,
die beestroppe maal rond
omdat daar nie weiding vir hulle is nie,
selfs die troppe kleinvee kry swaar!

¹⁹ Tot U, HERE, roep ek!

Want vuur het die weiding in die woestyn^c verteer,
vlamme het al die bome in die veld verskroei.

²⁰ Selfs die wilde diere smag na U,
omdat die spruite opgedroog
en vuur die weiding in die woestyn verteer het.

^c1:19 *weiding ... woestyn*: "Woestyn" verwys na 'n onbewoonde, dikwels onherbergsame gebied waar skape en bokke dikwels gewei het.

2

Die dag van die HERE

¹ Blaas die ramshoring op Sion,
maak alarm op my heilige berg!
Al die inwoners van die land moet bewe
want die dag van die HERE is aan die kom,
ja, dit is naby!

² Dit is 'n dag van duisternis en donkerte,
'n dag van wolke en wolkmassas.
Soos die rooidag wat oor die berge uitsprei,
so is daar 'n groot en magtige volk
soos daar nog nooit tevore was,
of ooit weer sal wees nie
tot in die verste nageslag.*

³ Voor hom uit verteer 'n vuur,
en agter hom verskroei 'n vlam.
Soos die tuin van Eden is die land voor hom,
maar agter hom lê 'n verlate woestyn.^d
Boonop is dit nie moontlik om van hom te ontvlug nie.

⁴ Soos perde lyk hulle,
soos oorlogspelde, so hardloop hulle.

⁵ Soos met die geratel van strydwaens

*2:2 Matt 24:21

^d2:3 *woestyn*: Dit verwys na 'n onbewoonde, dikwels onherbergsame gebied waar skape en bokke dikwels gewei het.

storm hulle oor die bergtoppe,
soos die geknetter van vlamme wat strooi verteer,
soos 'n magtige volk wat vir die oorlog opgestel is.*

⁶ Voor hom bewe volke,
almal se gesigte is doodsbleek.

⁷ Soos krygsmanne storm hulle,
soos soldate klim hulle teen die stadsmuur uit:
Elkeen van hulle gaan reguit vorentoe,
hulle verander nie van rigting nie.

⁸ Die een hinder die ander nie,
elke manskap bly op koers;
al sneuwel sommige onder die aanslag,
hulle wyk nie af nie.

⁹ Hulle bestorm die stad,
op die stadsmuur hardloop hulle,
die huise val hulle binne,
deur die vensters klim hulle soos diewe.

¹⁰ Voor hierdie volke^e bewe die aarde,
skud die hemele.

Son en maan word duister,
die sterre hou hulle glans terug.*

¹¹ En die HERE self verhef sy stem voor sy leërmag uit,
want geweldig groot is sy leër,
ja, magtig is hulle wat sy bevel uitvoer.

*2:5 Op 9:7,9

^e2:10 *Voor ... volk*: Die bronteks lui "voor hom".

*2:10 Matt 24:29; Mark 13:24-25; Op 6:12-13; 8:12

Voorwaar, die dag van die HERE is groot,
uitermate verskriklik --
wie kan dit verduur?*

¹² "Maar selfs nou,
keer terug na My met julle hele hart,
vas en huil en rou,"
is die uitspraak van die HERE.

¹³ Skeur julle harte en nie julle klere nie,
keer terug na die HERE julle God;
want Hy is genadig en barmhartig,
geduldig en vol troue liefde,
Hy is spyt oor onheil wat Hy bring.

¹⁴ Wie weet, dalk is Hy weer spyt
en laat 'n seëning agter Hom oorbly --
'n graanoffer en 'n drankoffer vir die HERE julle God.

¹⁵ Blaas die ramshoring op Sion,
bepaal 'n heilige vastyd,
roep 'n gewyde byeenkoms uit.

¹⁶ Roep die volk byeen,
heilig* die geloofsgemeenskap,
versamel die oudstes,
maak die kinders bymekaar,
ook die suigeling.
Laat die bruidegom uit sy kamer kom,

*2:11 Joël 2:11

*2:16 Eks 19:14-15

die bruid uit haar slaapplek.

¹⁷ Tussen die voorhof en die altaar
moet die priesters huil,
hulle wat in diens van die HERE staan.
Hulle moet sê: "Spaar u volk, HERE,
moet u erfdeel nie oorgee aan vernedering,
sodat nasies met hulle spot nie.
Waarom moet hulle onder die volke sê,
'Waar is hulle God?' "

¹⁸ Daarop het die HERE Hom vir sy land beywer,
Hy was jammer vir sy volk.

¹⁹ Die HERE het geantwoord,
Hy het vir sy volk gesê:
"Kyk, Ek stuur vir julle graan en jongwyn en olyfolie,
sodat julle daarvan versadig kan word,
Ek gee julle nie langer daaraan oor
om deur die nasies verneder te word nie.

²⁰ Die vyand uit die noorde^f sal Ek uit julle midde verwyder,
Ek sal hom na 'n dor en verlate land verdryf:
sy voorhoede na die oostelike see,
sy agterhoede na die westelike see.^g

Sy stank sal opstyg, sy slegte reuk sal optrek,

^f2:20 *vyand ... noorde*: Letterlik "die noorderling".

^g2:20 *oostelike ... westelike see*: Die bronteks lui "voorste see" en "agterste see". In Palestina het 'n mens jou altyd oos georiënteer.

omdat hy groot dinge probeer doen het.

²¹ "Moenie bang wees nie, landerye,
juig en wees bly, want die HERE doen groot dinge!

²² Moenie bang wees nie, wilde diere,
want die weiding van die woestyn^h word groen,
ja, die bome dra hulle vrugte,
die vyeboom en die wingerdstok lewer hulle volle opbrengs.

²³ "Kinders van Sion, juig en wees bly in die HERE julle God,
want Hy gee vir julle reën as teken van geregtigheid,ⁱ
soos voorheen sal Hy stortbuie en laat reëns vir julle laat uitsak.*

²⁴ Dan sal die dorsvloere vol skoon graan wees,
die kuipe sal oorloop van wyn en olyfolie.

²⁵ "Ek sal julle vergoed vir die jare
toe die treksprinkane, die voetgangers,
die kaalvreter en die ruspes alles opgevreet het,
daardie groot leërmag van My wat Ek teen julle uitgestuur het.

²⁶ Dan sal julle oorgenoeg kan eet en versadig word,
en julle sal die Naam van die HERE julle God loof,
wat verstommende dinge met julle laat gebeur het.

^h2:22 *woestyn*: Dit verwys na 'n onbewoonde, dikwels onherbergsame gebied waar skape en bokke dikwels gewei het.

ⁱ2:23 *as ... geregtigheid*: Die bronteks lui net "as geregtigheid". Dit dui daarop dat die verhouding tussen God en sy volk herstel is.

*2:23 Jak 5:7

My volk sal nooit weer in die skande kom nie.

²⁷ Dan sal julle weet dat Ek in julle midde is, Israel.

Ek is die HERE julle God en niemand anders nie.

My volk sal nooit weer in die skande kom nie."

'n Nuwe begin

²⁸ "Ná hierdie dinge sal Ek my Gees uitstort op almal.

Dan sal julle seuns en julle dogters as profete optree.

Julle ou mense sal drome droom,

en julle jong mense sal gesigte sien.*

²⁹ Selfs op die slawe en slavinne

sal Ek in daardie dae my Gees uitstort.

³⁰ Ek sal tekens gee

in die hemel en op aarde:

bloed en vuur en kolomme rook.

³¹ Die son sal verander word in donkerte,

en die maan in bloed,

voordat die dag van die HERE aanbreek,

daardie groot en verskriklike dag.

³² Dan sal elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, ontkom;*

want op Sionsberg en in Jerusalem sal daar ontvlugting wees,

soos die HERE gesê het.^j

Net hulle wat deur die HERE geroep word,

sal vry wees."^{*}

*2:28 Hand 2:17; Tit 3:6

*2:32 Hand 2:39; 22:16; Rom 10:13

^j2:32 *op Sionsberg ... het:* Dit is 'n uitgebreide aanhaling uit Ob 1:17.

*2:28-32 Hand 2:17-21

3

Oordeel oor die nasies

¹ "Ja, wanneer Ek in daardie dae, in daardie tyd,
die lot van Juda en Jerusalem verander,
² sal Ek al die nasies versamel
en hulle afbring na die vallei van Josafat!^k
Ek sal daar met hulle in 'n regstryd tree
oor my volk en my erfdeel,
oor Israel, wat deur hulle onder die nasies verstrooi is.
Hulle het my land verdeel
³ en oor my volk lootjies getrek.
Hulle het die seuns geruil vir prostitute
en die meisies verkoop vir wyn en dit uitgedrink.

⁴ "Verder: Wat het julle met My te doen,
Tirus en Sidon en al die gebiede van Filistea?
Wil julle julle op My wreek?
As julle My iets wil aandoen,
sal Ek gou, blitsvinnig, julle dade op julle koppe laat neerkom,
⁵ omdat julle my silwer en my goud gevat het;
my kosbare skatte
het julle in julle tempels ingevat
⁶ en die kinders van Juda en Jerusalem
het julle aan die Grieke verkoop
om hulle ver van hulle grondgebied weg te neem.

^k3:2 *Josafat*: Josafat beteken "die HERE oordeel".

⁷ Kyk, nou gaan Ek hulle ontbied uit die plek
waarheen julle hulle verkoop het.

Ek sal julle dade op julle koppe laat neerkom:

⁸ Ek gaan julle seuns en julle dogters verkoop
aan die kinders van Juda,
en hulle sal hulle weer verkoop aan die Sabeërs,
aan 'n nasie ver hiervandaan.**

Voorwaar, die HERE het dit self gesê.

⁹ Roep dit uit onder die nasies,
berei voor vir 'n heilige oorlog,
ontbied die krygsmanne;
laat al die soldate nader kom, laat hulle optrek.

¹⁰ Smee van julle ploegskare swaarde,
en van julle snoeimesse spiese,*
selfs die swakke moet sê:

"Ek is 'n held!"

¹¹ Maak gou en kom,
maak al die omringende nasies bymekaar.
HERE, lei u krygsmanne!

¹² "Die nasies moet in beweging kom en optrek
na die vallei van Josafat,
want dit is waar Ek gaan sit
om al die omringende nasies te oordeel."

*3:4-8 Matt 11:21-22; Luk 10:13-14

*3:10 Jes 2:4; Miga 4:3

¹³ Steek die sekel in, want die oes is ryp!

Klim in, trap, want die parskuip is vol

en die giskuipe loop oor,

want hulle boosheid is groot!*

¹⁴ Skares, daar is skares mense in die dal van beslissing!

Ja, die dag van die HERE is naby

in die dal van beslissing!

¹⁵ Die son en maan word duister,

die sterre hou hulle glans terug.*

¹⁶ En die HERE, uit Sion brul Hy,

uit Jerusalem verhef Hy sy stem,*

sodat hemel en aarde bewe.

Maar die HERE is 'n toevlugsoord vir sy volk,

'n skuilplek vir die Israëliete.

¹⁷ "Dan sal julle weet dat Ek, die HERE, julle God is,

wat woon op Sion, my heilige berg.

Dan sal Jerusalem 'n heilige plek wees,

en vreemdelinge sal nie weer haar gebied betree nie."

Oorvloed en redding in Juda en Sion

¹⁸ Op daardie dag sal die berge drup van die sap van duiwe,

en die heuwels sal vloei van melk,

en al die spruite van Juda sal stroom van water.

*3:13 Op 14:15,18; 19:15

*3:15 Matt 24:29; Mark 13:24-25; Op 6:12-13; 8:12

*3:16 Am 1:2

'n Fontein sal uit die huis van die HERE vloei,*
en dit sal die Sittimdal^l natlei.

¹⁹ Egipte sal 'n verlate plek word
en Edom 'n verlate woestyn
vanweë die geweld teen die kinders van Juda,
omdat hulle onskuldige bloed in Juda vergiet het.

²⁰ Maar Juda sal vir altyd bly,
en Jerusalem van geslag tot geslag.

²¹ "Ek sal hulle bloed wreek
wat Ek voorheen nie gewreek het nie."^m

Ja, die HERE woon in Sion!

*3:18 Op 22:1

^l3:18 *Sittimdal*: Letterlik "die rivierloop van Sittim" of "die rivierloop van akasiabome". Die presiese geografiese ligging waarna die profeet verwys, is onbekend.

^m3:21 *Ek sal ... het nie*: Die Septuaginta en Siriese vertaling word hier gedeeltelik gevolg. Die bronteks lui "Ek sal hulle bloedskuld ongestraf laat. Ek laat nie ongestraf nie."